
# My klankeboek

## Vokale, dubbelklanke en drieklanke




Naam:

# Enkelklanke

a, e, i, o en u


| a | | | |
|---|---|---|---|
| kas | pas | mat | kat |
| vas | man | vat | lat |
| kwas | pan | pap | wat |
| gas | kan | hak | rat |
| sap | ram | plak | spat |
| hap | dam | kam | lam |
| kap | pak | tak | sag |
| lag | dag | wag | nag |
| gat | nat | bas | was |
| mak | jas | tas | das |
| wal | bal | nar | kar |
| lap | tap | bak | dak |

| e | | | |
|---|---|---|---|
| hek | rek | lek | bek |
| hen | pen | wen | ken |
| les | mes | ses | wes |
| nes | bes | bed | het |
| met | pet | lem | red |
| bel | weg | rem | dek |
| net | vet | wet | vel |
| tel | res | | |

| i | | | |
|---|---|---|---|
| vis | mis | sit | wit |
| vin | sin | bid | pit |
| vir | pil | wil | mik |
| hik | tik | gil | dik |
| wip | sif | lip | lig |
| pik | rit | min | rif |
| gif | dit | spit | klip |
| flits | niks | bril | klits |
| knik | skrik | blits | glip |

| o | | | |
|---|---|---|---|
| wol | mot | mos | jok |
| kol | pot | kos | hok |
| vol | dop | los | rok |
| mol | dof | bos | stok |
| hof | nog | pos | sop |
| som | bom | hop | bok |
| tor | son | tol | hol |
| rot | tol | lok | knop |
| rond | grond | | |

| u | | | |
|---|---|---|---|
| bus | rus | lug | bul |
| mus | rug | hut | ruk |
| lus | sug | put | dun |
| kus | juk | buk | nul |
| vul | slurp | sus | brug |
| vrug | | | |




Trek 'n sirkel om die letter a.

o a
a
e
a b b
o
e a
a

Oefen om die letter a te skryf.

a

a

Oefen om die woorde te skryf.

kat

hap

Vul die a-klank in.

| | |
|---|---|
| s ___ k | p ___ n |
| d ___ s | t ___ s |
| k ___ t | r ___ k |
| m ___ t | b ___ d |

Die kat sit op die mat.

Ek gaan nou bad.

Ek drink sap.

Die nar ry in die kar.

Die ram is mak.


Ek kan my hare kam.

Die man swem in die dam.

Ma maak kos in 'n pan.

- Lees die rympie.
- Onderstreep al die woorde met die a-klank.
- Skryf die woorde wat jy onderstreep het in die tabel.

# Ontbyt



Die seun vat 'n hap
van sy lekker warm pap.
Hy mors van sy sap,
maar hy vee dit vinnig op met die lap.
Die bak word gekap
toe hy water daarin tap.
"Sjoe, dit was nou lekker pap!"

| a-woorde | |
|---|---|
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |


# Klastoets: a-woorde

## Totaal: ____/15

1. Luister na die woorde wat Juffrou vir jou gaan lees en skryf dit neer. (5)

   a. ______________________
   b. ______________________
   c. ______________________
   d. ______________________
   e. ______________________

2. Bou jou eie woorde met die a-klank. (5)









3. Skryf 'n sin met 'n a-woord .(1)

______________________________________________________________

______________________________________________________________

4. Skryf die woord vir elke prent. (4)

| | | | |
|---|---|---|---|
|  |  |  |  |
| | | | |




Trek 'n sirkel om die letter e.

o a
a
e
a e
e
o
e a
a

Oefen om die letter e te skryf.

e

e

Oefen om die woorde te skryf.

hen

wen

Vul die e-klank in.

| | |
|---|---|
| s ___ s | p ___ n |
| m ___ s | l ___ s |
| h ___ k | r ___ k |
| m ___ t | b ___ d |

Ben is ses.

Ons mag nie speel met 'n mes.

Ek het 'n net.

Ek dra 'n pet.

Ek slaap op 'n bed.

Ek skryf met 'n pen.

Die pen se ink lek.

- Lees die rympie.
- Onderstreep al die woorde met die e-klank.
- Skryf die woorde wat jy onderstreep het in die tabel.


# Die hen wat wen

Ben sit en tik met die pen
teen sy ken.
Hy skryf 'n storie oor 'n hen
wat 'n resies wen.



| e-woorde | |
|---|---|
| | |
| | |
| | |
| | |

Bou jou eie woorde met die e-klank.




# Klastoets: e-woorde

Totaal: ____/15

1. Luister na die woorde wat Juffrou vir jou gaan lees en skryf dit neer. (5)

    a. _________________________
    b. _________________________
    c. _________________________
    d. _________________________
    e. _________________________

2. Bou jou eie woorde met die e-klank. (5)





3. Skryf 'n sin met 'n e-woord .(1)

________________________________________________________

________________________________________________________

4. Skryf die woord vir elke prent. (4)

| | | | |
|---|---|---|---|
|  |  |  |  |
| | | | |



Trek 'n sirkel om die letter i.

i l u u i l i i l u i

Oefen om die letter i te skryf.

i

i

Oefen om die woorde te skryf.

sit

wit

Vul die i-klank in.

| | |
|---|---|
| s ___ n | p ___ l |
| m ___ s | g ___ l |
| h ___ k | v ___ s |
| m ___ k | b ___ d |

Pa sit en vang vis.

Die vrug het 'n pit.

My hemp is wit.

Ek dra 'n bril.

Ek stel 'n wip.

Die flits skyn 'n lig.

Die vis het 'n vin.

Dit is 'n lang rit.

- Lees die rympie.
- Onderstreep al die woorde met die i-klank.
- Skryf die woorde wat jy onderstreep het in die tabel.

# Hik en tik

Die ou tannie hik en stik terwyl sy tik.

Sy moet baie mooi mik,

want met al die gehik en gestik kry sy glad nie getik.



| i-woorde | |
|---|---|
| | |
| | |
| | |

# Klastoets: i-woorde

## Totaal: ____/15

1. Luister na die woorde wat Juffrou vir jou gaan lees en skryf dit neer. (5)

    a. ______________________


    b. ______________________

    c. ______________________

    d. ______________________

    e. ______________________

2. Bou jou eie woorde met die i-klank. (5)








3. Skryf 'n sin met 'n i-woord .(1)

______________________________________________

______________________________________________

4. Skryf die woord vir elke prent. (4)

| | | | |
|---|---|---|---|
|  |  |  |  |
| | | | |



Trek 'n sirkel om die letter o.

o a
a
e
a e
e
o
o a
a

Oefen om die letter o te skryf.

o

o

Oefen om die woorde te skryf.

bok

mot

Vul die o-klank in.

| | |
|---|---|
| k ___ s | k ___ t |
| m ___ s | p ___ t |
| h ___ k | r ___ k |
| b ___ k | st ___ k |

Ma maak kos in die pot.

Die bok bly in die hok.

Ek dra 'n rok.

Die hond bring die stok.

Ouma brei 'n trui van wol.

Die rot bly in 'n grot.

Ek is vol na die kos.

Ek pos 'n brief.

- Lees die rympie.
- Onderstreep al die woorde met die o-klank.
- Skryf die woorde wat jy onderstreep het in die tabel.

# Die blinde mol

Die blinde mol is opsoek na sy trui van wol.

Hy is besig om tonnels uit die grond te hol,
maar kry nêrens sy trui van wol.

Hy soek in die kol en rol dan weer na 'n ander kol.

"O, waar is my trui van wol?"

Die arme blinde mol.



| o-woorde | |
|---|---|
| | |
| | |
| | |
| | |


# Klastoets: o-woorde

**Totaal: ____/15**

1. Luister na die woorde wat Juffrou vir jou gaan lees en skryf dit neer. (5)

   a. ______________________
   b. ______________________
   c. ______________________
   d. ______________________
   e. ______________________

2. Bou jou eie woorde met die o-klank. (5)









3. Skryf 'n sin met 'n o-woord .(1)

______________________________________________

______________________________________________

4. Skryf die woord vir elke prent. (4)

| | | | |
|---|---|---|---|
|  |  |  |  |
| | | | |




Trek 'n sirkel om die letter u.

i l
u
u
i l
i
i
i l
u
i

Oefen om die letter u te skryf.

u

u

Oefen om die woorde te skryf.

bus

rus

Vul die u-klank in.

| | |
|---|---|
| n ___ l | s ___ g |
| m ___ s | h ___ t |
| k ___ s | l ___ g |
| l ___ s | r ___ g |

Ons ry in die bus.

Ek is lus vir 'n vrug.

Ek krap my rug.

Daar is wolke in die lug.

In die winter dra ek 'n mus.

Die vakansie gaan ek rus.


Die man bly in 'n hut.

Ek is lief vir my sus.

- Lees die rympie.
- Onderstreep al die woorde met die u-klank.
- Skryf die woorde wat jy onderstreep het in die tabel.

# Op die bus

Ben sug.
Hy sit nou en rus in die bus
saam met sy sus.
Sy sit en slurp aan 'n vrug,
terwyl hulle ry onderdeur 'n brug.
Ben sien 'n hut met 'n put.
By die put is 'n bul en 'n vul,
die bus is baie stil.



| u-woorde | |
|---|---|
| | |
| | |
| | |
| | |


# Klastoets: u-woorde

Totaal: ____/15

1. Luister na die woorde wat Juffrou vir jou gaan lees en skryf dit neer. (5)

   a. ______________________
   b. ______________________
   c. ______________________
   d. ______________________
   e. ______________________

2. Bou jou eie woorde met die u-klank. (5)





3. Skryf 'n sin met 'n u-woord .(1)

_____________________________________________________________

_____________________________________________________________

4. Skryf die woord vir elke prent. (4)

| | | | |
|---|---|---|---|
|  |  |  |  |
| | | | |

# Klanke

## oe, ou, ei, ie, eu en ui

| oe | | | |
|---|---|---|---|
| boek | koek | hoek | doek |
| soek | hoed | broek | voet |
| skoen | groen | boef | noem |
| proe | soen | roer | boetie |
| roep | groet | loer | broer |
| moet | voer | soet | doen |
| koeldrank | genoeg | moenie | besoek |
| koer | toets | boer | sproet |


| ou | | | |
|---|---|---|---|
| bou | hou | kous | grou |
| sous | hout | boud | fout |
| goud | oud | koud | sout |
| pou | trou | ouma | oupa |
| stout | mou | rou | kou |
| vertrou | | | |


| ui | | | |
|---|---|---|---|
| ui | uil | huis | muis |
| vuis | luis | vuil | duif |
| duim | skuim | huil | fluit |
| kruis | tuin | bruin | kuif |
| ruik | ruil | pruik | |

| ie | | | |
|---|---|---|---|
| tier | mier | hier | dier |
| bier | sien | dief | kiewe |
| brief | vies | vier | kies |
| nies | wiel | kriek | siek |
| fiets | tien | kiem | |

| eu | | | |
|---|---|---|---|
| reus | keuse | neus | seun |
| deur | leuse | kreun | kleur |
| neut | geur | geut | jeuk |
| steun | heup | reun | |

| ei | | | |
|---|---|---|---|
| brein | reis | eina | sein |
| rein | eiland | klein | trein |
| meisie | aarbei | vlei | vleis |
| geheim | paleis | | |



Oefen om die oe-klank te skryf.

Skryf die oe-klank in die blokkies.

Vul die oe-klank in.

k ____ k

b ____ k

s ____ k

bl ____ d

d ____ k

spr ____ t

gr ____ t

sk ____ n

Skryf jou eie oe-woorde in die tabel.

Skryf 'n sin met 'n oe-woord en onderstreep die woord met 'n inkleurpotlood.

Ek proe aan die koek.

Ek soek my skoen.

Ma ruil die baba se doek.

Ek lees 'n boek.

Ek groet my juffrou.

Op my gesig is 'n sproet.

Ek dra 'n hoed.

Ek loer om die hoek.

- Lees die sinne.
- Omkring al die oe-woorde met groen.

# Die flop met die koek

Mamma soek 'n resep vir 'n koek
in ouma se resepteboek.
Ek hou baie van koek,
want dit is soet.
Die bak val op mamma se voet
toe sy vir pappa groet.
Die koek lê op die vloer,
mamma het nie gekyk hoe sy roer.
Ons kon nie eers die koek proe,
of daarna in die oond loer.




# Klastoets: oe-woorde

Totaal: ____/15

1. Luister na die woorde wat Juffrou vir jou gaan lees en skryf dit neer. (5)

   a. ______________________
   b. ______________________
   c. ______________________
   d. ______________________
   e. ______________________

5. Bou jou eie woorde met die oe-klank. (5)






6. Skryf 'n sin met 'n oe-woord .(1)

______________________________________________________________

______________________________________________________________

7. Skryf die woord vir elke prent. (4)

| | | | |
|---|---|---|---|
|  |  |  |  |
| | | | |



Oefen om die ie-klank te skryf.

Skryf die ie-klank in die blokkies.

Vul die ie-klank in.

m ____ r    t ____ r

v ____ r    n ____ r

d ____ r    b ____ r

s ____ n    w ____ l

Skryf jou eie ie-woorde in die tabel.

Skryf 'n sin met 'n ie-woord en onderstreep die woord met 'n inkleurpotlood.

Ek sien 'n mier.

'n Kiem maak jou siek.

Hier is 'n tier.

'n Tier is 'n wilde dier.

My boetie is tien.

Ek kies 'n fiets.

My ma en pa is vies.

Sussie skryf 'n brief.


# Klastoets: ie-woorde

Totaal: ____/15

1. Luister na die woorde wat Juffrou vir jou gaan lees en skryf dit neer. (5)

   a. ______________________________
   b. ______________________________
   c. ______________________________
   d. ______________________________
   e. ______________________________

2. Bou jou eie woorde met die ie-klank. (5)








3. Skryf 'n sin met 'n ie-woord .(1)


______________________________________________________________________

______________________________________________________________________

4. Skryf die woord vir elke prent. (4)

| | | | |
|---|---|---|---|
|  |  |  |  |
| | | | |



Oefen om die ou-klank te skryf.

Skryf die ou-klank in die blokkies.

Vul die ou-klank in.

m ____ b ____ d

p ____ g ____ d

k ____ s s ____ t

tr ____ gr ____

Skryf jou eie ou-woorde in die tabel.

| |
|---|
| |
| |
| |
| |
| |
| |
| |

Skryf 'n sin met 'n ou-woord en onderstreep die woord met 'n inkleurpotlood.

My hemp het 'n mou.

Die man en vrou trou.

Die pou grou 'n gat.

Ouma en oupa is oud.

Oupa bou 'n huis van hout.

Dit is baie koud.

Die boud is te sout.

Ons is baie stout.


# Klastoets: ou-woorde

**Totaal: ____/15**

1. Luister na die woorde wat Juffrou vir jou gaan lees en skryf dit neer. (5)

   a. ______________________
   b. ______________________
   c. ______________________
   d. ______________________
   e. ______________________

2. Bou jou eie woorde met die ou-klank. (5)






3. Skryf 'n sin met 'n ou-woord .(1)

______________________________________________

______________________________________________

4. Skryf die woord vir elke prent. (4)

| | | | |
|---|---|---|---|
|  |  |  |  |
| | | | |

# Die boud is te sout!

Ouma gooi sout in die sous vir die heerlike boud.

Oupa proe aan die sous: "Oh, hier is groot fout. Daar is te veel sout."

Ouma is sommer vies,

oupa het die resep gekies.

Die resep sê vier en sy sien tien,


sy kan nie meer so mooi sien.


Die boud is nou koud

en oupa voel nou sommer oud!

Lees die sinne. Soek dan die ou en ie-woorde en skryf dit in die regte kolom.

| ie | ou |
|---|---|
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |





Oefen om die eu-klank te skryf.

Skryf die eu-klank in die blokkies.

Vul die eu-klank in.

r ____ s

j ____ k

n ____ s

g ____ t

k ____ se

kr ____ n

l ____ se

s ____ n

Skryf jou eie eu-woorde in die tabel.

Skryf 'n sin met 'n eu-woord en onderstreep die woord met 'n inkleurpotlood.

Die seun se rug jeuk.

Ek ruik met my neus.

Die deur is oop.

My gunsteling kleur is blou.

Die man kreun.

Ek leun teen die muur.

Ek eet 'n neut.

Daar is water in die geut.


# Klastoets: eu-woorde

Totaal: ____/15

1. Luister na die woorde wat Juffrou vir jou gaan lees en skryf dit neer. (5)

   a. ______________________
   b. ______________________
   c. ______________________
   d. ______________________
   e. ______________________

2. Bou jou eie woorde met die eu-klank. (5)







3. Skryf 'n sin met 'n eu-woord .(1)

______________________________________________________________

______________________________________________________________

4. Skryf die woord vir elke prent. (4)

| | | | |
|---|---|---|---|
|  |  |  |  |
| | | | |

- Lees die storie.
- Onderstreep die eu-woorde met pers.
- Wat dink jy gaan volgende in die storie gebeur? Skryf 'n einde vir die storie.



# Die groot reus

Eendag lank, lank gelede was daar 'n groot, nare reus. Almal was baie bang vir die reus oor sy groot, aaklige neus. Die reus het hom nie gesteur aan die mense nie.
Eendag loop daar 'n seun in die bos. Die seun hoor toe iemand wat neurie. Die seun raak toe nuuskierig en loop saggies in die rigting van die geluid.
Die seun kon nie sy oë glo nie. Daar in die grot sien hy 'n yslike, groot reus besig om te peusel by 'n groot, swart pot. Die reus het 'n baie lelike neus.
Die seun ruik die geur van lekker kos en word sommer honger.
Die seun besef toe hy het twee keuses:
Hy moet nou vinnig weghardloop voordat die reus hom sien of hy moet saggies nader loop en kyk wat verder gebeur.
Die seun loop toe saggies nader, maar hy sien nie die groot boomwortel nie. Sy voet hak vas en daar slaan hy neer op die grond. Die seun se hart klop vinnig.
Ag nee! Ag nee! Vanaand is ek reuskos dink hy
Doef ! Doef ! Doef ! hoor die seun.
Toe die seun opkyk staan die reus voor hom. Die seun staan stadig op.

## My einde

ui

Oefen om die ui-klank te skryf.

Skryf die ui-klank in die blokkies.

Vul die ui-klank in.

| | |
|---|---|
| r ____ k | kr ____ s |
| r ____ l | h ____ s |
| pr ____ k | m ____ s |
| v ____ l | l ____ s |

Skryf jou eie ui-woorde in die tabel.

| |
|---|
| |
| |
| |
| |
| |
| |
| |

Skryf 'n sin met 'n ui-woord en onderstreep die woord met 'n inkleurpotlood.

Die uil ruik 'n muis.

Die ma huil, want haar huis is vuil.

Ons bly in 'n huis.

Sussie het 'n mooi kuif.

Daar vlieg 'n duif.

Ben maak sy hand in 'n vuis.

Ouma dra 'n pruik.


# Klastoets: ui-woorde

Totaal: ____/15

1. Luister na die woorde wat Juffrou vir jou gaan lees en skryf dit neer. (5)

   a. ______________________
   b. ______________________
   c. ______________________
   d. ______________________
   e. ______________________

5. Bou jou eie woorde met die ui-klank. (5)






6. Skryf 'n sin met 'n ui-woord .(1)


______________________________________________

______________________________________________

7. Skryf die woord vir elke prent. (4)

| | | | |
|---|---|---|---|
|  |  |  |  |
| | | | |





Oefen om die ei-klank te skryf.

Skryf die ei-klank in die blokkies.

Vul die ei-klank in.

r ____ s

kl ____ n

vl ____

m ____ sie

br ____ n

r ____ n

s ____ n

pal ____ s

Skryf jou eie ei-woorde in die tabel.

| |
|---|
| |
| |
| |
| |
| |
| |
| |

Skryf 'n sin met 'n ei-woord en onderstreep die woord met 'n inkleurpotlood.

Pappa braai vleis.

Die klein meisie bly in 'n paleis.

Ons gaan reis na 'n eiland.

Ek kan 'n geheim hou.

My pa ry met die trein werk toe.

Daar is mooi bome en riete by die vlei.


# Klastoets: ei-woorde

**Totaal: ____/15**

1. Luister na die woorde wat Juffrou vir jou gaan lees en skryf dit neer. (5)

   a. ______________________
   b. ______________________
   c. ______________________
   d. ______________________
   e. ______________________

2. Bou jou eie woorde met die ei-klank. (5)








3. Skryf 'n sin met 'n ei-woord .(1)

______________________________________________________________

______________________________________________________________

4. Skryf die woord vir elke prent. (4)

| | | | |
|---|---|---|---|
|  |  |  |  |
| | | | |

- Lees die sinne.
- Onderstreep die ui-woorde met rooi.
- Onderstreep die ei-woorde met blou.

# Uil en muis

Die uil met die groot kuif sit en huil.

Ek is honger vir 'n muis met 'n bietjie vleis,

maar al wat ek sien is 'n duif en 'n luis.

Dalk is daar een in die huis of onder die houtkruis.

Daar is iets bruin by die vlei en niemand kan met my stry of baklei.

Dis iets klein wat speel met 'n trein.

Dis 'n muis!

Die uil se ore suis en hy maak 'n vuis,

ek gaan jou kry muis!



# Dubbelklanke

## aa

| | | | |
|---|---|---|---|
| aap | saam | raam | draad |
| baan | gaan | saad | raak |
| blaar | haan | plaat | graad |
| maan | kraan | naam | gaap |
| maat | laat | staan | slaap |
| baas | kaas | haas | raas |
| baard | swaar | daar | maal |
| kaal | saal | haal | paal |

## ee


| | | | |
|---|---|---|---|
| eet | beer | een | meet |
| veer | eers | tee | bees |
| been | beet | skeer | lees |
| peer | nee | weet | breek |
| keer | geel | meer | bleek |
| seer | eer | beveel | meel |
| leer | keel | seep | leen |
| kweek | steek | fees | |


# oo

| | | | |
|---|---|---|---|
| boom | doop | oos | stoom |
| room | poot | woord | stoot |
| soom | hoor | sloot | hoog |
| oom | groot | loop | koop |
| oond | koor | hoop | goor |
| oor | vloot | boot | loot |
| oog | rook | droom | spook |
| kook | kool | noot | doof |
| boon | skoon | | |

# uu

| | | |
|---|---|---|
| uur | buurman | buurt |
| nuus | nuut | spuug |
| muur | skuur | gluur |
| vuur | stuur | tuur |
| huur | duur | suur |





Oefen om die oo-klank te skryf.

Skryf die oo-klank in die blokkies.

| | |
|---|---|
| | |

Vul die oo-klank in.

k ____ k      b ____ t

r ____ k      st ____ t

dr ____ m      b ____ n

gr ____ t      sk ____ n

Skryf jou eie oo-woorde in die tabel.

| |
|---|
| |
| |
| |
| |
| |
| |
| |

Skryf 'n sin met 'n oo-woord en onderstreep die woord met 'n inkleurpotlood.

Ons is op 'n groot boot.

My ma kook lekker kool.

Ek hoor met my oor.

Die man kan nie hoor nie, hy is doof.

Ek klim tot hoog in die groot boom.

My oom rook.

- Lees die sinne.
- Onderstreep die ee-woorde met groen.

# Die groot kool

Oom Koos het 'n groot kool,

ek is seker hy het dit getoor.

Dit lyk vir my goor.

Een van die dae is dit so hoog soos 'n boom.

Hy sê dis elke boer se droom.


Oom Koos sê hy gaan dit in 'n pot kook

en dan gaan hy sit en rook.


My oor wil dit nie hoor,

kool is heeltemal te goor!

| Skryf die oo-woorde neer in die tabel. | |
|---|---|
| | |
| | |
| | |




jou eie oo-woorde.




# Klastoets: oo-woorde

## Totaal: ____/15

1. Luister na die woorde wat Juffrou vir jou gaan lees en skryf dit neer. (5)

   a. ______________________
   b. ______________________
   c. ______________________
   d. ______________________
   e. ______________________

2. Bou jou eie woorde met die oo-klank. (5)






3. Skryf 'n sin met 'n oo-woord .(1)


______________________________________________

______________________________________________

4. Skryf die woord vir elke prent. (4)

| | | | |
|---|---|---|---|
|  |  |  |  |
| | | | |





Oefen om die ee-klank te skryf.

Skryf die ee-klank in die blokkies.

| | |
|---|---|
| | |

Vul die ee-klank in.

kw ____ k    s ____ p

st ____ k    m ____ t

br ____ k    w ____ t

b ____ t    v ____ r

Skryf jou eie ee-woorde in die tabel.

| |
|---|
| |
| |
| |
| |
| |
| |
| |

Skryf 'n sin met 'n ee-woord en onderstreep die woord met 'n inkleurpotlood.

Ek eet 'n peer.

My oupa kweek beet.

Ek was met seep.

As 'n by jou op jou been steek is dit seer.

Ek sien een beer.

My juffrou leer my van die getal een.

- Lees die sinne.
- Onderstreep die ee-woorde met pienk.

# Liefde

Daar is een ding wat ek weet,
liefde kan 'n mens nie meet.
Ek het ma lief meer as al die geel goud in die wêreld.
Ek het haar meer lief as baie duur leer.
Ek maak altyd vir my ma tee
en 'n tert met 'n skyfie peer.
My ma speel altyd met my en my boetie, Peet
en partykeer gee sy vir ons slegte beet.
As ek val op my been en dit is seer,
troos sy my elke keer.

| Skryf die ee-woorde neer in die tabel. | |
|---|---|
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |


# Klastoets: ee-woorde

Totaal: ____/15

1. Luister na die woorde wat Juffrou vir jou gaan lees en skryf dit neer. (5)

   a. ______________________
   b. ______________________
   c. ______________________
   d. ______________________
   e. ______________________

2. Bou jou eie woorde met die ee-klank. (5)





3. Skryf 'n sin met 'n ee-woord .(1)

   ______________________________________________________________

   ______________________________________________________________

4. Onderstreep al die woorde met die ee-klank. (4)

Ek maak vir my ma tee in 'n geel koppie. My ma lees en sy sê dit is 'n fees.



Oefen om die uu-klank te skryf.

______________________________

______________________________

______________________________

Skryf die uu-klank in die blokkies.

| | |
|---|---|
| | |

Vul die uu-klank in.

m _____ r　　b _____ rt

b _____ rman　　g _____ r

s _____ r　　st _____ r

t _____ r　　d _____ r

Skryf jou eie uu-woorde in die tabel.

| |
|---|
| |
| |
| |
| |
| |
| |
| |

Skryf 'n sin met 'n uu-woord en onderstreep die woord met 'n inkleurpotlood.

______________________________

______________________________

______________________________

______________________________

______________________________

______________________________

______________________________

My pa maak 'n vuur.

Sewe uur kyk my pa die nuus.

Die muur is van bakstene.

Ons buurman huur die huis.

Die boer se skuur is nuut.

'n Suurlemoen is suur.

My pa stuur duur parfuum vir my ma.

- Lees die sinne.
- Onderstreep die uu-woorde met groen.

# Die vuur

Ek sien 'n vuur by my buurman se muur.

O nee! Iemand moet die brandweer stuur.

Hy het die huis gehuur,

dit was baie duur.


My buurman is baie suur,

hy gluur na die brandende vuur.



| Skryf die uu-woorde neer in die tabel. | |
|---|---|
| | |
| | |
| | |

Bou jou eie uu-woorde.



# Klastoets: uu-woorde

## Totaal: ____/15

1. Luister na die woorde wat Juffrou vir jou gaan lees en skryf dit neer. (5)

    a. ______________________


    b. ______________________

    c. ______________________

    d. ______________________

    e. ______________________

2. Bou jou eie woorde met die uu-klank. (5)





3. Skryf 'n sin met 'n uu-woord .(1)


______________________________________________________________

______________________________________________________________

4. Onderstreep al die woorde met die uu-klank. (4)

Op die nuus is daar 'n storie oor 'n groot vuur in 'n boer se skuur. Die skuur was baie duur.



Oefen om die aa-klank te skryf.

Skryf die aa-klank in die blokkies.

Vul die aa-klank in.

m ____ n

b ____ n

h ____ n

g ____ r

kr ____ n

b ____ s

tr ____ n

d ____ r

Skryf jou eie aa-woorde in die tabel.

Skryf 'n sin met 'n aa-woord en onderstreep die woord met 'n inkleurpotlood.

Die aap gee 'n lang gaap.

Die maan skyn in die aand.

Ek eet lekker kaas.

Die baas gaan met hom raas.

Die haan kraai.

Ek gaan saam met my maat na hulle plaas.


# Klastoets: aa-woorde

Totaal: ____/15

1. Luister na die woorde wat Juffrou vir jou gaan lees en skryf dit neer. (5)

   a. ______________________
   b. ______________________
   c. ______________________
   d. ______________________
   e. ______________________

2. Bou jou eie woorde met die aa-klank. (5)




3. Skryf 'n sin met 'n aa-woord .(1)

______________________________________________________________

______________________________________________________________


4. Onderstreep al die woorde met die aa-klank. (4)

Op die plaas is daar 'n haan en 'n haas.

- Lees die sinne.
- Onderstreep die aa-woorde met oranje.

# Dis tyd om te gaan slaap

Ek gee 'n lang gaap.
Mamma sê dit is laat,
ek moet gaan slaap.
Ek sien die maan deur my venster.
Party mense sê die maan is van kaas,
ander sê op die maan is daar 'n haas.
Ek wil eendag na die maan gaan,
saam met my maat Faan.
Ek wil met 'n vlag op die maan staan,
net Niel Armstrong sal dit verstaan.
Ek is nou baie vaak,
miskien droom ek vanaand van die Kaap.



# Klanke


## aai, ooi, oei en eeu

| aai | | | |
|---|---|---|---|
| laai | waai | slaai | kraai |
| haai | baai | raai | lawaai |
| swaai | saai | braai | draai |
| kwaai | fraai | papegaai | raaisel |

| oei | | | |
|---|---|---|---|
| roei | stoei | koei | loei |
| boei | foeitog | bloei | bloeisel |
| snoei | skroei | groei | gloei |
| knoei | moeite | broei | |

| ooi | | | |
|---|---|---|---|
| mooi | hooi | vlooi | prooi |
| kooi | rooi | gooi | looi |
| nooi | nooit | plooi | fooi |
| strooi | | | |

| eeu | | | |
|---|---|---|---|
| eeu | spreeu | skreeu | meeu |
| seeleeu | sneeu | leeu | seemeeu |



Oefen om die aai-klank te skryf.

______________________________

______________________________

______________________________

______________________________

______________________________

______________________________

Skryf die aai-klank in die blokkies.

| | | |
|---|---|---|
| | | |

Vul die aai-klank in.

h ______ sw ______

w ______ sl ______

r ______ kr ______

l ______ br ______

Skryf jou eie aai-woorde in die tabel.

| |
|---|
| |
| |
| |
| |
| |
| |
| |

Skommel die letters reg om aai-woorde te maak.

| | |
|---|---|
| alai | |
| rdiaa | |
| aails | |
| aaih | |
| iaaw | |
| aias | |

Daar is 'n haai in die baai.

Ek en my sussie swaai.

Mamma maak slaai.

Die papegaai maak 'n groot lawaai.

Daar is messe in die laai.

Die kraai is kwaai, want hy kan nie raai waar die boer saai.

# Klastoets: aai-woorde

Totaal: ____/15

1. Luister na die woorde wat Juffrou vir jou gaan lees en skryf dit neer. (5)

   a. ______________________


   b. ______________________

   c. ______________________

   d. ______________________

   e. ______________________

2. Bou jou eie woorde met die aai-klank. (5)





3. Skryf 'n sin met 'n aai-woord .(1)


______________________________________________

______________________________________________

4. Onderstreep al die woorde met die aai-klank. (4)

Mamma maak slaai vir die braai. Sy soek 'n mes in die laai, dit maak 'n groot lawaai.





Oefen om die ooi-klank te skryf.

Skryf die ooi-klank in die blokkies.

Vul die ooi-klank in.

h ____ f ____

g ____ k ____

vl ____ n ____

pl ____ pr ____

Skryf jou eie ooi-woorde in die tabel.

| |
|---|
| |
| |
| |
| |
| |
| |
| |

Skommel die letters reg om ooi-woorde te maak.

| | |
|---|---|
| ooir | |
| ioog | |
| loio | |
| poloi | |
| ooih | |
| ofoi | |

Ek nooi my maat.

Daar is 'n vlooi in die bed.

'n Tamatie is rooi.

Die boer gooi die hooi op 'n hoop.

Die leeu soek vir hom prooi.

As jy oud raak kry jy 'n plooi op jou gesig.


# Klastoets: ooi-woorde

Totaal: ____/15

1. Luister na die woorde wat Juffrou vir jou gaan lees en skryf dit neer. (5)

   a. ______________________
   b. ______________________
   c. ______________________
   d. ______________________
   e. ______________________

2. Bou jou eie woorde met die ooi-klank. (5)




3. Skryf 'n sin met 'n ooi-woord .(1)

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________

4. Onderstreep al die woorde met die ooi-klank. (4)


Mamma sê sy het 'n plooi wat sy nooit wou gehad het nie. Pappa sê sy is nogsteeds mooi. Mamma bloos en haar wange word rooi.


Lees die sinne.


- Onderstreep die ooi-woorde met blou.
- Onderstreep die aai-woorde met pers.

# Die vlooi

Mamma en pappa se gesig trek op 'n plooi,
daar is 'n vlooi in die baba se kooi.
Niemand het jou genooi!
Wag! Ek gaan hom met die kussing gooi
of met my skoen looi.
Die vlooi spring in die laai.
Mamma en pappa is nou sommer kwaai,
hy maak 'n groot lawaai.
Vlooi, wat jy saai sal jy maai!
Pasop, of ek gaan jou voer vir
Pollie, die papegaai!







Oefen om die oei-klank te skryf.

Skryf die oei-klank in die blokkies.

Vul die oei-klank in.

k ____ b ____

st ____ bl ____

r ____ spr ____

gr ____ br ____

Skryf jou eie oei-woorde in die tabel.

| |
|---|
| |
| |
| |
| |
| |
| |
| |

Skommel die letters reg om oei-woorde te maak.

| | |
|---|---|
| oeil | |
| keio | |
| oeigl | |
| knoie | |
| oeist | |
| oier | |

My toon bloei.

Die twee mans stoei.

Die koei eet gras.

Die roos het baie gegroei, nou moet ons dit snoei.

Die sirene loei.

Die boom het mooi bloeisels in die lente.


# Klastoets: oei-woorde

**Totaal: ____/15**

1. Luister na die woorde wat Juffrou vir jou gaan lees en skryf dit neer. (5)

   a. ______________________
   b. ______________________
   c. ______________________
   d. ______________________
   e. ______________________

2. Bou jou eie woorde met die oei-klank. (5)





3. Skryf 'n sin met 'n oei-woord .(1)


   ______________________________________________________________

   ______________________________________________________________

4. Onderstreep al die woorde met die oei-klank. (4)

   In die lente groei daar bloeisels aan die bome. Partykeer moet 'n mens bome snoei. Daar broei klein voëltjies uit die eiers in die nes in die mooi boom.





Oefen om die eeu-klank te skryf.

Skryf die eeu-klank in die blokkies.

| | | |
|---|---|---|
| | | |

Vul die eeu-klank in.

l _____ sn _____

skr _____ spr _____

seel _____ seem _____

m _____

Skryf jou eie eeu-woorde in die tabel.

| |
|---|
| |
| |
| |
| |
| |
| |
| |

Skommel die letters reg om eeu-woorde te maak.

| | |
|---|---|
| eeuskr | |
| leue | |
| eeum | |
| eue | |
| eeuspr | |
| sneue | |

'n Leeu is gevaarlik.

My ouma is 'n eeu oud.

Dit sneeu in die winter.

By die see sien ons 'n meeu en 'n seeleeu.

Die meisie skreeu baie hard.

'n Spreeu se vere blink baie mooi.


# Klastoets: eeu-woorde

Totaal: ____/15

1. Luister na die woorde wat Juffrou vir jou gaan lees en skryf dit neer. (5)

   a. ____________________
   b. ____________________
   c. ____________________
   d. ____________________
   e. ____________________

2. Bou jou eie woorde met die eeu-klank. (5)




3. Skryf 'n sin met 'n eeu-woord .(1)

________________________________________


________________________________________

4. Onderstreep al die woorde met die eeu-klank. (4)

Die leeu is al vir meer as 'n eeu lank die koning van die diere. As mense hom sien, skreeu hulle baie hard. Tot ou spreeu vlieg sommer weg as hy hom sien.

# Die stoeigeveg

Ek en my boetie roei met die boot
en maak hom vas met 'n boei.
Ons sien 'n seemeeu wat baklei met 'n seeleeu,
die twee is aan die skreeu.
Ons sit en kyk en dit begin voel soos 'n eeu.
Die seeleeu begin bloei terwyl hulle stoei.
Ek hoor 'n sirene wat loei
en sien 'n liggie wat gloei.
Dis die polisie van die see,
hulle gaan die stoeigeveg kom keer.
Ons roei terug met moeite.
Foeitog, ons voel nou geknoei.



Lees die sinne. Soek dan die eeu en oei-woorde en skryf dit in die regte kolom.

| oei | eeu |
|---|---|
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |